**Wat word bedoel met 'bonus' betalings?**

'Bonus' betalings bedoel geld aan werknemers betaal wat nie deel uitmaak van hulle lone of oortydbetaling nie. Dit is 'ekstra vergoeding' en word gewoonlik uitbetaal aan die einde van die jaar, byvoorbeeld vir goeie diens verrig gedurende die jaar, of vir produksie en verkoop skerwe wat bereik of oorskry was.

<u>Bonusse moet in die volgende gevalle betaal word:</u>

- Indien 'n werkgewer reeds vir geruime tyd 'n jaareinde bonus aan werknemers bewillig het, mag dit by die werknemers 'n 'verwagting' laat om elke jaar die bonusse te ontvang en dat dit 'n praktyk gebruik is om bonusse te ontvang. Die werknemers verkry dan 'n reg om daarop aan te dring om dieselfde bonusse elke daaropvolgende jaar weer te ontvang. Sou die werkgewer skielik besluit om nie die bonusse te bewillig nie kan die werknemers die bonusse eis op grond van praktyk gebruik.
- Indien 'n bonus in die dienskontrak bewillig was moet die werkgewer dit betaal soos ooreengekom. (behalwe as dit diensverrigting veronderstel wat nie deur die werknemer verrig was nie) Byvoorbeeld, as 'n dienskontrak stipuleer dat 'n 13de tjek aan die werknemer betaal sal word, moet die werkgewer dit betaal.